

## 27 Junie Romeine 13:1-7; 2 Tessalonisense 2:1-8 (1933-ve

### ***Wetteloosheid - nog een van die tekens van die tye***

Hier word duidelik aan ons in 2 Tess 2:6-8 gestel dat daar op 'n sekere tydstip in die geskiedenis van die wêreld iets of iemand sal wees wat die verskyning van die "ongeregtige", die Antichris, sal "teëhou". Die groot vraag is nou: Wie of wat is dit wat "teëhou"? Die Tessalonisense het dit geweet (vers 6), maar om een of ander rede sê Paulus nie uitdruklik wat bedoel word nie.

Al hoe meer word die gesag van God en die eise van sy wet geminag en verwerp; kom die "verborge" ongeregtigheid tot openbaring en sien ons daarin ook die vervulling van die tekens van die tye. Owerhede wat egter nog reg en geregtigheid handhaaf, volgens Goddelike regsnorme, is volgens die mees aanneemlike verklaring van verse 6-8, instrumente in die hand van die Here wat die koms van die groot "Ongeregtige", die "mens van sonde", die Antichris, teëhou!

Daarom moet ons ons dus voorberei op en gereedmaak vir 'n toenemende openbaring van wat reeds besig is om te gebeur, naamlik: dat wetteloosheid en ongeregtigheid, verdrukking en vervolging van mense en vertrapping van hulle regte al hoe meer sal plaasvind. En uiteindelik sal dit so 'n omvang aanneem dat die tyd vir die groot wettelose, die Antichris, ryp sal wees om in lewende lywe te verskyn. Ons, as ware Christengelowiges, as uitverkore kinders van God en as volgelingen van Jesus Christus, glo egter onwrikbaar dat God regeer en dat Hy ons sal beskerm en bewaar, ook in die aangesig van die dood! Daarom bid ons om die vernuwende krag van die Heilige Gees dat ons sal kan volhard deur God se genade tot die einde toe en jubel ons dit uit in vaste geloofsvertroue: "...ons sal die reddingsdag belewe - die gloriëdag van God, wat kom"!

Sing: Psalm 74:15, 16, 17Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)